
Maart 2020

# Stellenberger

## Lydenstyd – hoe raak dit jou?

Deur: Ds. Marius Breytenbach



**Lydenstyd het nou aangebreek en loop in die volgende weke op na Paasnaweek wanneer gelowiges Christus se kruisiging en sterfte sal herdenk. 'n Bekende kerklied wat ons in lydenstyd sing, lui soos volg: "Vervul, o Heer, my hart met stille wyding waar ek herdenk die diepte van u lyding" (Liedboek 391). Die lied gaan verder en sê: "U lyding breek my trotse hart en rede; dit buig my neer, en skep in my u vrede . . . wat my . . . verander". Dit laat 'n mens nadink oor hoe die lydenstyd jou persoonlik raak.**

Reis bewustelik in die volgende paar weke van lydenstyd saam met die gemeente deur Jesus se lyding en laat toe dat die gebeure rakende sy lyding en sterwe jou daaglikse roetine, denke en emosies aanraak. Oor die eeue heen het gelowiges in hierdie tyd gevas as 'n voortdurende herinnering aan Christus se lyding. Oorweeg dit om jou ook van 'n luuksheid of lekkerny te ontneem sodat jy meer bewustelik met Jesus se lyding kan omgaan en dit met jou eie en ander se lyding laat resoneer.

Jy sal beleef hoe die Here jou hiermee op 'n besondere manier omvorm sodat jy sy vrede sal ervaar, soos die woorde van die Paaslied ons herinner. In die verlede het ons baie rooi kruise uitgedeel en lidmate gevra om dit gedurende lydenstyd op die voorkant van hulle huise aan te bring. Gee weer jou ou rooi kruis 'n lagie verf, of maak een wat jy by jou voordeur opsit waarmee jy getuig – dis lydenstyd!

**Skakel in by ons lydenstydprogram:**

- Woon Sondae se lydensdienste by.
- Die spesiale lydenstydprogram begin op 1 April en word op 1, 8, 15, 22 en 29 April aangebied. Ons kom tydens die vyf weke in groepe byeen om 'n Bybelstudiehandleiding te bestudeer. Jy kan by bestaande groepe inskakel, jou eie groep met vriende skep, of by die weeklikse groepbyeenkomste wat in die kleinsaal aangebied word, inskakel. Die handleidings @ R20 elk is gedurende die week by die kerkkantoor te koop. Navrae: Ds. Potgieter 079 893 8104.
- Nagmaal op Donderdagaand 9 April om 19:00 in die kerk.
- Erediens op Vrydagoggend 10 April om 09:00 in die kerk.
- Paasdiens met nagmaal op Sondag 12 April om 06:15 en 09:00 in die kerk.

# Die lewe in 'n aftreeoord



**Met aftreeoordontwikkelings wat toenemend in woonbuurte verrys en heelwat Stellenberg-lidmate wat hulself in dié nuwe woonkomplekse vestig, het *Stellenberger* besluit om eerstehands inligting in te win oor dié nuwe leefstyl.**

Heelwat Stellenbergers het na die Othello-aftreeoord in Brackenfell verhuis, waar *Stellenberger* by ou bekendes, Vic en Santjie van der Merwe, gaan inloer het.

Vic en Santjie was voorheen die eienaars van die Lekkerbly-gastehuis in Gillianstraat, Eversdal. Hulle het drie jaar gelede besluit om die gastehuis op te gee en na Othello-aftree-oord te verhuis. "Die verhuising was 'n groot uitdaging, aangesien die nuwe eienaars nie ook die huis as 'n gastehuis wou bedryf nie. Ons moes dus baie van die huis se inhoud tot niet maak en het baie beperkte tyd gehad om die huis te ontruim en van al die oortollige meubels ontslae te raak.

"Die aanpassing in die nuwe leefruimte was nie moeilik nie aangesien ons in 'n losstaande huis binne-in die aftreeoord woon. Ons het dus genoeg ruimte. Ek verneem mense wat vanaf 'n huis na 'n woonstel, waarvan daar heelwat in die oord is, verskuif, sukkel aanvanklik meer om by die beperkte ruimte aan te pas."

Op die sosiale front vertel Vic dat ten spyte van die feit dat hy en Santjie baie sosiale mense is, hulle ondervind dat huisbewoners moeiliker nuwe vriende in die aftreeoord maak. Die huise is meer geïsoleer as die woonstelle en dit is ooglopend dat daar groter samesyn tussen woonstelbewoners is en dat dié groep inwoners baie vinnig nuwe vriende maak en nuwe verhoudings vestig. Daar word gelukkig baie georganiseerde aktiwiteite, soos breigroepe, boeremusiekaande, bingo, 'n tuinbouklub en sanggroepe by die oord aangebied en inskakeling by die aktiwiteite help 'n mens om ander inwoners van die oord te leer ken. Die oord bied ook verskeie ondersteuningsdienste soos maaltye, wasgoeddiens en verpleging aan. Vic sê dat hulle tans net van die etes gebruik maak.

"Mense wat wik en weeg of hulle na 'n aftreeoord moet verhuis, moet in gedagte hou dat die sekuriteit aan 'n mens geweldig baie gemoedsrus bied en dat diegene wat in die woonstelkomplekse woon, baie vinnig nuwe mense, wat in dieselfde lewensfase as jy is, leer ken. Ek dink 70-tot-75 jarige ouderdom is die perfekte tyd om dié skuif te maak," sê Vic.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# ’n Uitreik word ’n roeping

Deur: Ds. Why Duvenhage

**Isabel Steenkamp is jare gelede as graad 9-leerder vir die eerste keer saam met die uitreikbediening na ’n uitreik op Calitzdorp. Ek onthou dat sy vooraf baie bang en onseker was oor wat vir haar voorlê, maar op daardie uitreik in Juniemaand van haar graad 9-skooljaar, het die mense van Calitzdorp haar hart gesteel en het God haar begin voorberei om een van sy dienaars in dié wêreld te word.**



Na Isabel se eerste uitreik in Calitzdorp het sy nooit weer ’n uitreik na die dorp gemis nie. Sy het ook waar sy tyd kon afknyp, saam met haar gesin die dorp besoek en vinnig die kinders van die minderbevoorregte gemeenskap leer ken.

Tydens ’n uitreik loop ek ’n dogtertjie in dié woonbuurt raak en vra vir haar wat die pop wat sy onder haar arm dra, se naam is. Toe sy my antwoord: “Haar naam is I-sa-bel,” besef ek watter groot invloed ons Isabel Steenkamp in dié gemeenskap het en hoe ’n belangrike rolmodel sy vir die kinders van Calitzdorp geraak het.

Isabel het na skool onderwys, spesifiek grondslagfase, gaan studeer en verskeie kere ook in Calitzdorp by die laerskool gaan proef. Sy het nooit Calitzdorp uit die oog verloor nie en na haar studies was daar toe boonop ’n vakature by die Laerskool Excelsior in Calitzdorp. Haar aansoek was suksesvol en sedert 2019 hou sy voltyds daar skool en gaan ook voort met al haar uitreikwerk. Sy is nou Stellenberg se skakelpersoon met die droogte- en voedselhulp wat ons sporadies aan die gemeenskap bied en ondersteun ons ook om verdere uitreike daar te reël.

Isabel se lewe is vir my ’n hedendaagse voorbeeld van iemand wat reeds op ’n jong ouderdom deur God geroep is. Dink maar aan die talle Bybelse figure wat as jongmense met God se werk begin het. Sy het God se roepstem gehoor en was gehoorsaam en getrou.

Isabel se hart het gebreek vir dit wat God se hart ook in die wêreld breek. Waarvoor breek jou hart?

# Leef in volkleur



Vroue word uitgenooi na ’n vroueaand op Donderdag 12 Maart vanaf 19:00 tot 21:00 in die kleinsaal. ’n Ligte ete word bedien en die bekende spreker en skrywer, Lynette Beer, kom gesels oor hoe jy ’n lewe in volkleur kan lei. Sy gaan die vierkleurige temperamentmodel wat sy ontwikkel het, verduidelik. Die model bemagtig mense om hulle hoogste potensiaal op persoonlike en professionele vlak te bereik.

Daar is ook 'n paar interessante stalletjies met snuisterye wat elke vrou se oog sal vang. Besoek die stalletjies vanaf 18:00. Juwele, parfuum, skoonheidsprodukte en handwerk word ten toon gestel. Koste: R200 per persoon. Besprekings by Karin: 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

# Die kerk bekyk depressie van naderby

Deur: Dr. Christelle Bekker

**Die Wêreldgesondheidsorganisasie dui aan dat depressie wêreldwyd een van die hoofoorsake van ongeskiktheid en gesondheids-probleme verteenwoordig. Op eie bodem ly een uit elke ses persone in Suid-Afrika aan depressie, of 'n angsversteuring en kom middelmisbruik as poging tot selfmedikasie, algemeen voor. Daarmee saam ly 'n onbepaal-de hoeveelheid mense aan posttraumatiese stres weens die gewelddadige aard van die samelewing.**



In opdrag van die Wes-Kaapse Sinode doen ek navorsing oor die hulp en ondersteuning wat die kerk aan depressielyers bied. Die kerk wil meer oor dié siektetoestande te wete kom, sodat hulle vir lidmate wat aan geestessiektes ly, die regte ondersteuning kan bied. Dit is dan ook waarop my navorsing fokus.

Vorige navorsing het aangedui dat jongmense wat depressiewe episodes beleef, verwyderd van die kerk en godsdiens raak, terwyl ouer mense weer dikwels hulp en ondersteuning juis by die kerk en hulle godsdiens soek.

Gelowiges is soms geneig om geestessiektes te wil vergeestelik en glo dat geestessiektes deur skrifgedeeltes genees kan word. Depressie is 'n fisiese siekte en kan nie sonder psigiatriese hulp wat medikasie insluit, verlig word nie. Dit is glad nie wenslik om vir 'n depressielyer oppervlakkige raad soos dat hulle net positief moet dink, of die mooi in die lewe moet raaksien, te gee nie. Om skrifgedeeltes in 'n tyd van 'n depressiewe episode met iemand te deel, is ook dikwels teenproduktief. Depressiewe episodes veroorsaak dikwels dat mense die kerk vermy, aangesien hulle op daardie tydstip gewoonlik baie ver van God voel en selfs aan sy bestaan twyfel. Wees eerder nie-veroordelend en spandeer net tyd saam met die depressielyer indien jy ter ondersteuning wil wees.

Ek is besig om onderhoude te voer met depressielyers om vas te stel hoe die kerk mense met geestessiektes kan ondersteun. Ek benodig nog tien vrywilligers met wie ek 'n onderhoud kan voer. Deelnemers moet ouer as 18 jaar wees en hoef nie noodwendig meer eredienste by te woon nie. Hulle moes wel lidmate van die NG Kerk gewees het ten tye van die aanvang van hul depressie. Die onderhoude is eenvoudig, anoniem en sal deelnemers glad nie ongemaklik laat voel nie. Kontak my, dr. Christelle Bekker 083 2669 659, gerus indien jy bereid is om aan die navorsing deel te neem.

# Doen-dit-self bring besparings mee

Deur: Ds. Callie Visagie

**Die Eiendomsbediening is werklik getrou om met verantwoordelike rentmeesterskap om te sien na die kerk se geboue. Dit raak al hoe meer 'n kuns om die kerkeiendom op 'n sinvolle en verantwoordbare wyse te onderhou en op te gradeer. Die gemeente is bevoorreg om oor die dienste van 'n bekwame nutsman in die persoon van Cobus Alberts te beskik. Hy is ook 'n bevoegde skrynwerker wie se hande vir niks verkeerd staan nie.**

Twee projekte geniet tans aandag, naamlik, eerstens die opgradering van die kombuis in die salekompleks, wat na meer as 40 jaar se gebruik dringend aandag moet geniet. Om 'n gewone huis se kombuis op te knap, beloop maklik R60 000 plus. Om die kerk se kombuis te vernuwe, kan dus maklik drie keer dié bedrag beloop en vinnig in 'n astronomiese uitgawe ontaard het. Cobus, ons nutsman, gaan self die verbeteringe van die kombuis behartig en hy beoog om dit baie ekonomies te doen teen die totale koste van R45 000. Alhoewel die bestaande strukture, asook die vlekvryestaalwerkblaaie behou sal word, gaan die kombuis sal met 'n stylvolle nuwe voorkoms spog.

Tweedens het ons ietwat meer as 'n jaar gelede vir water geboor. Dit het meegebring dat die tuine rondom die kerk, asook die twee pastorieë naasliggend aan die kerkkompleks, van water voorsien sou kon word. Die kwotasie om die water na die verskillende punte, asook die pastorieë aan te lê, het bykans R65 000 beloop. Ons het egter besluit om die aanlê van die water liewer self aan te pak en die afgelope twee weke het Cobus en twee handlangers teen slegs 'n kwart van die gekwoteerde koste die grootste deel van die kerktuin en die twee pastorieë van boorgatwater voorsien.

Dan is die opgradering van die nissie-area reeds voltooi. Dit is vir ons baie belangrik dat die ruimte goed versorg en netjies moet lyk wanneer geliefdes 'n nissie sou besoek. Die area bied, wat tuinmaak betref, 'n paar uitdagings. Dit raak ontsettend warm in die binnehof aangesien dit met mure omring word en die vloer geplavei is. Met die hulp en kundigheid van Dirk Heyneman, landskapontwerper en ouderling, kon nuwe planne beraam word om die area te verfraai en 'n lae-onderhoud-tuin is aangeplant.





Op die foto heelbo is die opgegradeerde nissie-area. Onder, met die kruiwa, is Cobus Alberts en sy helpers, Cano Langhtrey en Edward Valentine, besig om die waterpype aan te lê.

Met behulp van goeie vakmanne op die personeel en sakke vol planne word ons eiendomme en rande optimaal bestuur.

# Mathmoms lê die grondslag vir wiskunde



Die Stellenberg Ondersteuningsentrum wat berading en ander dienste d.m.v. hulle multiprofessionele span bied, het dit goedgedink om vanjaar die MathsMoms-projek as gemeenskapsprojek aan te neem.
Sonja Cilliers, vrou van ds. Andries Cilliers, werksaam by NG kerk Drieankerbaai, bestuur die projek. In die projek word afgetrede wiskunde-onderwysers, asook werklose vroue ingespan om leerders in graad 2 en 3 by skole in minderbevoorregte woongebiede met wiskunde te help.
Skole in areas soos Elsiesrivier, Ravensmead, Bishop Lavis en die Breederiviervallei word by die projek betrek. Geleentheid word vir kinders by die verskillende skole geskep waartydens hulle wiskunde kan leer en hul selfvertroue in die vak kan ontwikkel.

Die aanbieders van die program maak van gewone huishoudelike artikels gebruik om wiskunde op 'n praktiese wyse aan kinders uit te beeld. Plastiekdoppies en -lepels, legkaarte, dobbelsteentjies, kleinerige plastiekspeelgoed, telrame, knope, krale, ens. word bymekaargemaak om somme speel-speel te demonstreer. Indien jy artikels vir die projek wil skenk, kontak gerus die SOS-kantoor by sos@stellenberg.co.za/021 976 8029 (tussen 09:00 en 12:00).
Besoek gerus MathMoms se webwerf by www.mathmoms.co.za vir volledige besonderhede rakende die projek.

# Ons dink en droom saam



Die leraarspan is besig om gesprekke met verskillende leiersgroepe in die gemeente te voer sodat ons saam kan dink en droom oor die gemeente se toekoms. Op die foto regs is ds. René Potgieter in gesprek met die jong leiers in die gemeente.

Die volgende rondte gesprekke sal met afgetrede kerkraadslede gevoer word sodat hulle ook die geleentheid gebied word om insette te lewer.

# Feesmark 2020



**Die Feesmarkkantoor is reeds volstoom aan die werk om dié jaar se mark te reël. Voornemende uitstallers kan vanaf 9 Maart aanlyn aansoek doen via www.stellenberg.co.za. Die sluitingsdatum vir alle aansoeke is Vrydag 24 April.**

"Ons is baie opgewonde om bekend te maak dat Malita Joubert weer vanjaar verantwoordelikheid vir die feesmarkrestaurant gaan aanvaar," sê Marilize Verreyne, organiseerder. "Malita is 'n ou bekende by die feesmark. Sy het voorheen vir nege jaar die restaurant behartig en was in 2013 genoodsaak om haar betrokkenheid by die feesmark te staak aangesien haar spysenieringsbesigheid te veel uitgebrei het. Ons is opgewonde om weer saam met Malita te werk. Sy het heelwat nuwe idees wat sy by die restaurant wil implementeer en sy is reeds besig om afval vir die mark bymekaar te maak."

# 'n Werkswinkel vir professionele persone en besigheidseienaars

**Dit is Maartmaand en ons het amptelik nog net tien maande van die jaar oor. Aan die begin van die jaar het 'n mens jou doelwitte en teikens vir jou besigheid gestel, maar soos met enige goeie plan is daar altyd 'n hele klomp onbeplande uitdagings wat jou pad kruis en jou goeie strategie effe op sy kop draai.**

Jou besigheid, of die korporatiewe wêreld waarin jy funksioneer, bied dikwels nie voldoende tyd en ruimte sodat jy nuwe strategieë ordentlik kan bedink en beplan nie. Met dít in gedagte bied JP Cronje, verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se Bestuurkool en Rudolph van Schoor, lewens- en besigheidsafrigter, op 7 April 'n interaktiewe werkswinkel aan wat aan die volgende grondbeginsels sal aandag gee:

1. Watter ingesteldheid, denkwyse en strategieë het jy nodig om die uitdagings wat jy in die gesig staar, te oorkom?
2. Hoe lyk strategiese leierskap wat jou en jou span kan help om doelwitte te bereik?



3. Wat verhoed jou personeel om optimaal te presteer?
4. Hoe ontwikkel jy stelsels en sisteme wat jou ondersteun om jou doelwitte te bereik?

Datum en tyd: Dinsdag 7 April van 07:30 tot 09:00
Koste: R60 per persoon. Koffie en muffins sal bedien word.
Plek: Die markplein, NG kerk Stellenberg
Besprekings: sos@stellenberg.co.za

Bring asseblief 'n pen/potlood en skryfblok saam.

# Kerkraadslede vir geestelike sorg en strategie

Ons stel graag ons 2020-kerkraadslede vir geestelike sorg en strategie aan lidmate bekend. Ons is oortuig daarvan dat saam met dié innoverende en bekwame groep mense gaan ons gemeente groot hoogtes bereik. Ander bedienings se kerkraadsverteenwoordigers sal in die volgende uitgawes bekend gestel word.

## Kerkraadslede vir strategie:





Foto's van links: ds. Callie Visagie, Dirk Heyneman saam met sy seun en Dirk Brand, leierouderling.





Foto's van links: Erhard Teubes , Hannl Cronje en Mike Smuts


## Kerkraadslede vir geestelike sorg:





Foto’s van links: ds. René Potgieter, Rudolph van Schoor en Dirmü Gouws.

**Nog kerkraadslede vir geestelike sorg:**


Foto's van links: Blanco Barnard en sy gesin, Kobus Otto saam met sy vrou, Carina en Mike van Deventer.


Karen Visagie

# Bybelskoolkursus in April




Hoe is God vandag by ons? Die aartsvaderverhale.

Die aartsvaderverhale in Genesis 12 - 50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis in die vyfweekkursus saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Datums: Dinsdag 14, 21, 28 April, asook 5 en 12 Mei.

Tyd: 19:00 tot 20:30. Koste: R30. Inskrywings by Karin Barter 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za